

SARS ONTVANG MEER AS 88 000 WERKSAANSOEKE

Tshwane, Donderdag 15 April 2021 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) is tevrede met die reaksie op verskeie poste wat geadverteer is en gevul sal word om ons kapasiteit aan te vul om dienslewering aan belastingpligtiges op te skerp en vlakke van nakoming te verbeter.

Die vakante poste wat geadverteer is strek oor menige areas van SARS-bedrywighede, insluitend spesialiste in inligtingstegnologie, databestuur, oudit en risiko, ondersoeke en ouditeurs met 'n spesifieke fokus op belastingontduiking en verwante aangeleenthede, asook menige ander areas.

SARS is oorweldig met die totaal van 88 009 aansoeke ontvang. Van die, was 15 092 interne aansoeke. Die toestand van werkloosheid in ons land demonstreer ruimskots die uitdagings wat ons as land in die gesig staar. Dit is 'n angswekkende uitdaging wat alle Suid-Afrikaners met vasberadenheid en ywer moet aanpak om te oorkom. SARS sal sy rol speel en ongelukkig slegs 500 van hierdie aansoekers inneem as nasiebouers in ons organisasie.

SARS glo dat die regering alleen nie werk kan skep nie en ons hoop dat ander, veral diegene in die privaatsektor, hul beste sal doen om veral jong-gegradueerdes die geleentheid te bied om weg te spring in die lewe deur internskappe te bied en, waar moontlik, hul aan te stel as toonbeeld van ons gemene toegewydheid tot die bou van 'n voorspoedige toekoms.

Gemiddeld was daar 468 aansoek (intern en ekstern) per werkskategorie. Van die totale aantal aansoeke, was 7 946 aansoeke van eksterne gegradueerdes, terwyl 755 aansoeke van geoktrooierde rekenmeesters was. Daar was ook 'n aansienlike aantal aansoekers op Meesters en Doktorale vlak.

Soos uit die syfers afgelei kan word, het ons land 'n groot poel kenners in verskeie velde waaruit voornemende werkgewers kan kies om die land te help om die uitdagings van armoede, werkloosheid en ongelykheid te beveg. Ons moet almal die uitdaging opneem.

Die sluitingsdatum vir aansoeke was 11 April 2021. SARS sal die indiensnemingsproses verder neem deur slegs met kandidate op die kortlys in aanraking te kom. Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens bedank graag Suid-Afrikaners vir hul ondersteuning en vertroue in die instansie.

Daar is 'n paar vakante poste waar nie genoeg aansoeke ontvang is nie. Hierdie poste sal heradverteer word deur ons werksportaal op die SARS-webtuiste. Belangstellendes word aangemoedig om die *Careers*-skakel te besoek by www.sars.gov.za.